

Kareeberg Munisipaliteit

10/2022 VAKATURE: ELEKTRISIËN - CARNARVON

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm word ingewag van bevoegde tweektalige persone tot Vrydag, 4 Februarie 2022. Persone moet oor 'n bedradingsertifikaat beskik met ten minste 7 jaar ondervinding in motor kontrole panele en instrumentasie en meer spesifiek installasie en onderhoud van pompsisteme en moet voorts ook ten minste oor 7 jaar ondervinding beskik in hoogspanningsnetwerke. Die suksesvolle applikant sal verantwoordelik wees vir die onderhoud van die elektrisiteitsnetwerke in Vosburg-dorp, en gedeeltelik Carnarvon-dorp, sowel as onderhoud van munisipale hoëmasbeligting in ESKOM areas te Carnarvon en Vanwyksvlei. Voorts verantwoordelik vir die onderhoud van die elektrisepompe by alle boorgate in die drie dorpe sowel as sonpanele. Addisioneel ook verantwoordelik vir die onderhoud en bedryf van die nuwe waterpyplyn vanaf Carnarvon na Vanwyksvlei. Dit behels daaglikse patrolering van pyplyn en monitering van die relevante stelsels.

Die vergoeding is op posvlak 10, (R249 913.00 tot R324 447) met normale byvoordele.

Aansoekvorms, asook volledige besonderhede van die Raad se diensvoorwaardes en voordele kan by die Hoof: Korporatiewe Dienste verkry word gedurende kantoor-ure. Die Raad sal die beginsels soos vervat in die Wet op Gelyke geleenthede volg.

Indien u nie binne veertien dae vanaf sluitingsdatum 'n antwoord ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was. CV's van onsuksesvolle applikante sal slegs op versoek teruggestuur word. Die Munisipaliteit behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

MNR. Z MJANDANA
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

Posbus 10
CARNARVON
8925

Tel. 053 3823012

14 Januarie 2022

L4.3.R

Kennisgewingbord
Noordwester, 14 Januarie 2022